Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL VI. 25 MEI, 1951. No. 4.

# DALK GEEN INTERVARSITIE MET TUKKIES.

## Geskikte Datum in Gedrang.

**Die moontlikheid van 'n intervarsitiebotsing tussen Tukkies en die Pukke hang nog in die weegskaal. Die gegronde onvermoë van P.U. om 24 Mei, en van U.P. om 23 Junie as geskikte datums te aanvaar, kan miskien daartoe lei dat intervarsitie tussen die twee inrigtings nie sal kan plaasvind nie.**

Hierdie huidige situasie het ontstaan deurdat 'n telegram van Tukkies, wat as antwoord gedien het op 'n telegram wat P.U. aan die begin van die jaar aan U.P. gestuur het, nie deur die Sportkomitee van P.U. ontvang is nie. Die 12de of 19de Mei is deur P.U. as moontlike intervarsitiedatums voorgestel en Tukkies het op 19 Mei in die telegram wat die Pukke nie bereik het nie, besluit.

### Onderhandeling.

Vervolgens is onderhandelngs aangeknoop. Die voorgestelde datum, 19 Mei, kon onmoontlik deur P.U. aanvaar word omdat die Wes-Transvaalse proefwedstryde dan plaasvind. 23 Junie is daarop aan U.P. voorgelê, maar die N.T.R.U. het dit afgekeur en slegs 19 Mei of 24 Mei as moontlike datums voorgehou.

Beide datums is weens gegronde redes nie aanvaar nie. Die beswaar sou wees dat die studente die daaropvolgende Vrydag, die 25ste, heel waarskynlik nie die lesings sal bywoon nie, en om hierdie rede sal die Universiteitsenaat nie intervarsity op so 'n datum toelaat nie, veral omdat daar vanjaar tydens die selfstandigheidswordingfees en Dalrymple baie lesings gekanselleer was. In Junie skrywe die studente gewoonlik toetseksamens, en daarom is die 23e Junie, of nog beter, 'n datum in die derde kwartaal voorgestel deur P.U.

**'n Brief van mnr. B. Spoelstra, Voorsitter van die P.U. Studenteraad, is Vrydag 11 Mei aan U.P. gepos, waarin die Pukke se saak gestel is, en Dinsdagmôre is mnr. Spoelstra en dr. I. Fourie, bestuurslid van die W.T.R.U. na Pretoria-toe met die doel om samesprekings met lede van die N.T.R.U. en die Studenteraad van U.P. te hou.**

### Heroorweging.

Mnr. Pont, Voorsttier van die U.P.-S.V.R. het, volgens mnr. Spoelstra, 'n baie tegemoetkomende houding ingeneem, en hy sou beloof het om die intervarsity nie as van die baan af te beskou nie, maar 23 Junie of die eerste twee Saterdae in September, d.i. die 1e en 8e Stptember, aan die N.T.R.U. vir heroorweging voor te lê.

**Mnr. Pont het die mening uitgespreek dat die Tukkies graag intervarsity wil hê, aangesien dit hulle enigste volbloed-intervarsity vanjaar sal wees, en hulle wil nie graag teen Potchefstroom speel as die helfte van lg. se spelers aan proefwedstryde deelneem nie. die sterk span van U.P. wil glo nie graag die Pukke 50—0 wen nie!**

Indien hierdie laaste onderhandelinge met N.T.R.U. misluk, sal daar nie meer intervarsity vanjaar tussen P.U. en U.P. kan plaasvind nie.

### Moeilikheid.

Die moeilikheid om 'n geskikte datum vasgestel te kry, is glo te wyte aan die program van die Oxford - Cambridge toerspan, waarvolgens die P.U. en U.P. sodanige verpligtings sou hê, dat die hele Augustus nie vir intervarsity oop sal wees nie.

### Vaste Intervarsitiedatum

Na „Die Wapad" verneem het die Studenteraad van Potchefstroom U.P. genader om in die toekoms 'n vaste datum vir intervarsity vas te stel, nl. die derde Saterdag in Augustus. Antwoord hierop word nog ingewag.

Om vry te lewe is ons wens,
Om vry te sterwe is ons hoop.

—Leipoldt.

**BULT GARAGE**

(Edms.) Bpk.

Tomstraat 55, Potchefstroom.
Foon 952.

Fietse, Flitse, Onderdele, ens. verkrygbaar. M.a.w.

'N FIETSAFDELING VIR STUDENTE.

Reparasies van enige aard.
VRY LUG-VOORSIENING.
Ondersteun 'n Afrikaanse saak.
(Vervolg in volgende kolom).
(Vervolg in volgende kolom).

# Wil Kultuurskatte Byeenbring.

## Musiekvereeniging Stel Hoë Ideaal.

**In 'n verklaring aan „Die Wapad" is deur die Voorsitter van die Universiteitsmusiekvereniging, dr. W. N. Coetzee, o.a. gemeld: „Wanneer 'n student sy studie aan die universiteit voltooi het en die groot werklike lewe betree, sal hy spoedig uitvind dat bo en behalwe sy vakkennis, ook 'n mate van kultuurskatte nodig is om die lewe vol en ryk te maak.**

„Die Univtrsiteitsmusiekvereniging is daar om studente in staat te stel om hierdie soort skatte te versamel en trapsgewyse ingelei te word in die kuns van musiek reg te waardeer.

**TWEE SOORTE PROGRAMME.**


„Daarom word van vanjaar af twee soorte programaande aangebied. Vollengte programme sal met drie of vier konstrte gelewer word, hoofsaaklik deur kunstenaars van buite Potchefstroom. Maar op bepaalde Donderdagaande (later hopelik elke Donderdag aand) sal halfuur-programme van „Aandmusiek" deur plaaslike kunstenaars verskaf word.

**„Sover moontlik sal dan kort verduidelikings oor inhoud en interpretasie gegee word om insig in die musiek te verdiep. Hierdie soort konserte sal net deur lede van die vereniging bygewoon kan word.**

**IDEAAL.**

„Ons stel as ideaal dat elke student aan ons universiteit lid sal wees van hierdie vereniging. Op die oomblik is daar amper driehonderd lede, maar die gulde geleentheid van selfontwikkeling deur, en die estetiese waarde van musiek word nog nie na behore deur sommige studente besef nie."

Tenslotte het dr. Coetzee verklaar: „Tyd keer nooit weer terug nie, so ook verlore kanse!"



B. SPOELSTRA.

# Eensydige Berig Maak Gemoedere Gaande

## P.U.-S.R. Rig Protesnota aan „Die Vaderland".

## Geen Sprake van „Bepalings".

**Die gemoedere van die studente aan die Potchefstroomse Universiteit is gaande gemaak deur 'n eensydige berig wat in die laat uitgawe van „Die Vaderland" van 15 Mei 1951 verskyn het, waarin o.a. gemeld word van „die Universiteit Potchefstroom se onvermoë om hulle intervaristy-bepalings met die Tukkies eerskomende Saterdag na te kom ...." Van P.U.-kant word beweer dat daar nooit enige bepalings was nie.**

Die hele berig sou berus op 'n nietige moeilikheidjie en misverstand tussen Pukke en Tukkies wat ontstaan het toe hulle na 'n geskikte intervarsity-datum gesoek het, volgens ons korrespondent verneem het. Die Pukke voer aan dat hulle vroeg in die jaar 'n telegram aan U.P. gestuur het, waarin die 12e of 19e Mei as geskikte datums aanbeveel is.

**Op grond van die feit dat hulle geen antwoord ontvang het nie, het op 12 Mei die botsing teen U.O.V.S. plaasgevind. Die Tukkies daarenteen beweer dat hulle wel per telegram geantwoord het dat hulle die 19e Mei aanvaar. Hierdie telegram het blykbaar verlore geraak voor dit sy bestemming kon bereik.**

### Geen Bepaling.

As alternatief het die Pukke daarop 23 Junie voorgestel, terwyl U.P. 24 Mei as alternatief gestel

(Vervolg volgende kolom).

(Vervolg van vorige kolom).

het. Geeneen van die twee universiteite kon egter aan die ander se versoek voldoen nie; albei om gegronde redes, en hulle het mekaar daarvan verwittig.

**Op hierdie stadium van wedersydse onderhandeling, waarop nog geen definitiewe bepalings gemaak is nie, het die gemelde berig in „Die Vaderland" verskyn.**

### Gemoedere Gaande

Toe aan die Voorsitter van die P.U.S.R. gevra is wat die houding van die Potchefstroomse studente is, het hy gesê dat hulle „die sterkste eksepsie teen die berig neem, deurdat hulle as kontrakbrekers geskilder word—'n denkbeeldige kontrak." Nieteenstaande die feit dat mnr. Spoelstra, S.R.-Voorsitter, en dr. I. Fourie van die W.T.R.U. Dinsdagmôre Pretoria-toe was om sake te bespreek, is die berig tog in die laat uitgawe van die 15e Mei gepubliseer.

**Hierdie berig dien nie om 'n klein inrigting wat nog vasskopplek soek, te ondersteun nie, maar om hom neer te druk, aldus die gevoele van die P.U.-Studente.**

# ALABAMA-ORKES DIE ENE BEDRYWIGHEID

## NAWEEK-TOERE EN JULIE-TOER AL FEITLIK WERKLIKHEID

**Mnr. Jan Booyens, leier van die Alabama-Studente-orkes het, nadat hy vir die korrespondent van „Die Wapad” 'n plek probeer maak htt tussen al die plakate, dromme, pamflette en dies meer, in sy kamer, verklaar dat die reëlings en organisasie wat die toer van die orkes voorafgaan, nou feitlik klaar in die haak is, maar dat daar nog baie werk voorlê.**

Vanjaar is glo die eerste keer in die geskiedenis dat 'n toer van die orkes gepropageer word op so 'n groot skaal. Meer as 15,000 pamflette is al versprei in Noord-Transvaal en die Rhodesiës, waarheen die orkes in Julie gaan toer. Die orkes het sy puik program al goed ingeoefen, en die publiek word verseker dat hulle nie teleurgestel sal wees nat die opvoerings nie.

### BELGIESE KONGO.

Die orkes is selfs van plan om in Donker Afrika in te dring tot in die Kongo, om daar die lig van musiek en studentepret aan te steek.

### LUUKSE BUS.

Die orkes sal gebruikmaak van 'n luukse bus, wat deur die Greyhound Maatskappy spesiaal vir sc 'n toer ingerig word, en wat nog in aanbou is, om by die Kongo en weer terug te kom. Hierdie bus word glo teen 'n goedkoper tarief aangebied as die S.A.S.-busse.

### INSPUITINGS.

Die hele geselskap is alreeds aaan 'n deurtastende mediese ondersoek onderwerp, waarby inspuitings teen geelkoors, inenting teen pokkies, en glo dip teen koshuise, ingesluit is. Die lede van die toer het, na verneem word, darem almal die toets deurstaan.

### GROOT BEDRYWIGHEID.

Intussen heers daar nog 'n groot bedrywigheid onder die orkeslede, en almal sien uit na 'n suksesvolle toer. Dit verwagting is dat die onderneming, benewens advertensie vir die Universiteit, ook 'n goeie finansiële bate sal afwerp.

# *Van S.R.-Weë*

### Intervarsity.

Dit is vir ons aangenaam om al de spanne wat opgetree het tydens die afgelope intervarsity met U.O.V.S. van harte geluk te wens met die pragtige gees waarin albei kante meegeding het. Ten spyte van die weersomstandighede was dit aangenaam om te sien hoe sportief daar op 'n nat velde geval en gegly is!

**MOOI SO!**

**Aan ons korfbal en rugbyspanne wat klinkende oorwinnings behaal het, ons hartlike gelukwense! Ook die dameshokkie wat gelykop gespeel het —mooi so! U almal het in oorwinnings en neerlae deur sportmansgees die annale vir u Universiteit op treffende wyse geopen!**

### SIMPATIE-BETUIGING

**Die Studenteraad en Studente betuig hiermee hulle innige deelneming aan Mej. C. Coetzee en Mnr. P. J. Steyn, aan wie elk 'n vader ontval het. Mag u ryklik vertroos en gesterk word deur die Heilige Gees in hierdie onherstelbare verliese.**

### Wes-Tvl. Kleure.

Die S.R en Studente wil hulle hartlike gelukwense oorbring aan mnre. C. van Vuuren, I. Styger en P. Viljoen met hulle insluiting in die Wes-Transvaalse voetbalspan.

B. SPOELSTRA (Voors.)

Ek het langs sware boekery soms diep 'n lewenswens gekry om my ou tentjie ver hier van die wysheidslugspieël oop te span.

# Wits-S.V.R. Nooi P.U.-S.R. uit.

## Wil Meer Weet van Akademiese Non-Segregasie.

**Die S.V.R. van die Witwatersrandse Universiteit het verteenwoordigers van die Studenteraad van die Potchefstroomse Universiteit uitgenooi om op 'n algemene vergadering van Witsstudente hulle beleid insake akademiese non-segregasie te verduidlik. Van die Pretoriase Universiteit is ook verteenwoordigers uitgenooi.**

Hierdie uitnodiging van Wits. word vervat in 'n brief van 20 September 1950, met die doel om samewerking tussen Afrikaanse en N.U.S.A.S.-Universiteite te verkry. Die brief dring aan op 'n vergadering in Maart of April 1951.

### DATUM UITGESTEL.

Uit 'n skrywe van 3 Mei 1951 blyk egter dat Wits. weens onvermydelike omstandighede nie die spesiale algemene vergadering kon reël nie, en word die Potchefstroomse Studenteraad, wat intussen hom al bereid verklaar het om die uitnodiging te aanvaar, gevra om op 22 Mei tussen 1.00 en 2.00 nm. die vergadering te kom bespreek.

### AFVAARDIGING BENOEM.

Die P.U.-S.R. het twee bekwame persone, nl. mnre. W. J. de Klerk en B J. Lombard afgevaardig na die vergadering om sy standpunt te stel.

**Weens 'n tekort aan tyd om duidelike bespreking te verkry, en weens gebrekkige verbinding, sien die P.U.-afvaardiging egter nie sy weg oop om op die voorgestelde datum Wits. te ontmoet nie.**

Na „Die Wapad” verneem, word tans onderhandel vir 'n later datum.


# *Die Wapad.*

25 MEI, 1951.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

### REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. P. COETZEE.
**Adm. Voorsitter:** F. BOTHMA.
**Sub-Redakteurs:**
**Nuus:** C. J. MALAN.
**Kuns en Wetenskap:** J. H. BOOYENS .
**Sosiale Aangeleenthtde:** MEJ. B. KRUGER.
**Sport:** D. v.d. SPUY en MEJ. A. PRETORIUS.
**Varia:** W. J. J. VAN VUUREN.
**Fotografie:** F. BOTHA.
**Tegnies:** J. HERSELMAN en J. v. ROOY.


# PA, KYK VIR DIE PUKKE!

Ons is nou regtig in die war oor die intervarsity teen U.P. eers het ons gehoóp om teen hulle te staan te kom, toe het ons getwyfel, daarna was ons seker dit is verby met intervarsity, en nou word ons met nuwe strale van 'n flonkerende hoop toegelag—dalk darem nog intervarsity. Ons is nou regtig in die war. Die Pukke weet nie her- of derwaarts nie so word daar met hulle gemoedere gespeel, en wie is dit nogal wat so maak asof ons speelgoed is? Wie is dit wat nie omgee of ons in die war is nie, omdat ons mos maar 'n klein Universiteitjie is? (Die gedagte om van so 'n ou baster-kollege-spannetjie weer 'n loesing op die voetbalveld te kry is maar vernederend, né).

Nou word die Pukke beskuldig dat hulle in onvermoë is om hulle bepalings te kan nakom, in verband met intervarsity teen Tukkies. Hierdie beskuldiging is gepubliseer in 'n bekende Afrikaanse dagblad, „Die Vaderland.” Nou wonder mens, na so 'n stiefpa-behandeling, waar „Die Vaderland” aan die berig kom. Miskien is dit darem nie so erg nie, miskien gaan dt maar met die P.U. soos met 'n jonger broertjie wat sy ousus geslaan het, en nou na 'n tyd weer met haar in 'n rusietjie geraak het, waarop sussie skreeu-skreeu na Pa afgesit het: „Pa, kyk vir Boetie!” (en dalk nog bygevoeg het: „hy wil my alweer slaan!”)

# ALWEER SAMEWERKING

So 'n tydjie gelede was die P.U. gaande oor 'n vraagstuk van 'n bepaalde soort samewerking. Nou is dáar alweer aan die P.U.-Studenteraad 'n hand van broederlike samewerking gereik, die slag deur die Witwatersrandse Universiteit se S.V.R., om hulle te kom toespreek. Voorwaar 'n prysenswaardige gebaar.

Dit is goed bekend onder Universiteitskringe in die land dat die P.U. 'n setel en geesdriftige ondersteuner van die Afrikaanse Studentebond is. Wits. hou nie van die A.S.B. nie, dit is te eng; lidmaatskap staan nie vir almal oop nie; dit sou met nasionalistese ideologie deurtrek wees.

Die A.S.B. vind nie herberg aan Wits. nie, en 'n pleidooi om erkenning aldáar is bestempel as „'n skrikwekkende dokument.” Nee, dit lyk asof Wits van die A.S.B. niks sou wil weet nie.

Maar moenie glo nie! Die P.U.S.R., wat hom in die openbaar al dronk gedrink het aan A.S.B.-ideologie word vriendelik uitgenooi om 'n studente-vergadering op Wits. te kom toespreek. Is dit nou nie samewerking soos wat maar min in hierdie ou jammerdal voorkom nie?


Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner

**J. P. V.D. WALT,** L.F.V.

**KERKSTRAAT 111**
**(Langs Ackermans)**

Foon 929,

**POTCHEFSTROOM.**

**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

Potchefstroom
se mees moderne
Dames-Klerewinkel
Die jongste versameling van **Dames-rokke, -Baadjies, „Jeeps,” Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodigdhede, ens.**

BY

**LA VOGUE**
**(J. M. TAYLOR)**
**Posbus 221. Foon 440.**

Drink en Geniet
**S & S**
Super Dilla
en
Super Orange
**Sherr & Shakinovsky**
**AUTO LAAN**
**Foon 16**


(Vervolg van vorige kolom).
(Vervolg van bls. 1, kol. 5).


**LUCILLE** DIE ROK SPESIALIS

**Altyd eerste met die Jongste.**

**Foon 62.**

**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**

**TX MODISTE**

Ons Uitstaande Winterreeks kom nou aan!

Kostuums, Jasse en Gebreide Stukke

**Cardigans, Oortrekkers, Bolero's, Jerkins en Angora-drag.**

*‚Lottie' en Paryse Hoede*

**J. N. J. Kritzinger**

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,
**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**
**Potchefstroom.**

**AS U 'N FOTO WIL SKENK**
kyk dan
**EERS NA ONS FOTO'S**

(in ons Ateljee, of by tevrede P.U.Kaners).

# VERSLAG OOR PLAASLIKE PARLEMENTSITTING GEHOU TE THABA N'KULU

**Met die opening van die tweede parlementsitting van die Thaba-Jähkulu-staat op 14 Mei, het 'n interessant bespreking van die verskillende probleme plaasgevind. Die minderjariges wat die Opposisie verteenwoordig het baie swak belangstelling aan die dag gelê. Die meerderjariges onder voorsitterskap van Speakster van Rooy het duidelik hulle misnoeë hieroor laat blyk.**

Die vergadering is geopen deur die Speakster met 'n amptelike Roul-kôl. Sy het die nuwe wetsontwerp aangaande binnelandse sake wat deur die ministeresse gesamentlik ingehandig is, voorgelees. Van die Opposisie is verwag om dit sonder kommentaar te aanvaar. Die sitting is hierna oopgestel vir algemene bespreking.

Volksraadslid M. Venter, verteenwoordigster vir distrik BB was dadelik op die been. Met betrekking tot die departement Voedselwese het sy etlike klagtes gehad. Ministeres van Vervoer, A. Pretorius, het verklaar dat sy absoluut desperaat is in verband met die voertuig-probleem. Die heersende korrupte toestand het ontstaan deurdat die burgers van die staat hulle self help aan mekaar se tweë-wielige voertuie sonder toestemming van die eienares.

**Die ministeres van Justisie, L. Heese, was bitter gegrief deur hierdie ongehoorde onregverdigheid, en het onmiddellik voorgestel dat drastiese stappe teen oortreders geneem moet** word; 'n boete van 5/- sal sonder aansiens des persoons aan die Senaat betaal word.

Die Regerende party het vervolgens hul bittere ontevredenheid uitgespreek oor die gedrag van die junior-lede van die Opposisie. T. Boudry, Ministeres van Pos- en Telefoon-wese het gekla oor die skreiende verwaarlosing van die belange van hierdie departement. 'n Laaste waarskuwing is aan die lede van hierdie party gerig om hulle onder geen omstandighede aan enige familiariteit met die superieures skuldig te maak nie; ook is hulle nadruklik herinner aan hul inferieure posisie, en met die versoek dat hulle hul daarvolgens moet gedra, het Speakster van Rooy die vergadering ontbind.

### HENNIE SCHUTTE

**Mnr. Hennie Schutte verkeer nog altyd in die plaaslike hospitaal, waar hy 'n operasie aan sy voetbal-knie laat doen het. Mag hy gou weer sy taak as Voorsitter van die S.S.B. hervat.**

### Kampkerkhof-skoffel

**Getrou aan die tradisie sal die A.S.B. op Donderdag 31 Mei weer die Kerkhof van die Konsentrasiekamp van alle onkruid en bossies suiwer. Daar sal verversings verskaf word om aan dorstiges laafnis te bring. Verdere kennisgewings verskyn op die kennisgewingbord by die Hoofgebou.**

Definisie van sekerheid: So seker as wat ons Vrydagaand vis kry vir ete.

* * *

„Hoekom sit jy so skeef op die fiets?"

Wynand: „Ek is bang ek val anderkant af."

* * *

A. Fivaz (gebore De Lange): „Ek gaan nooit na 'n opvoering van die Alibama luister nie. Ons tweetjies hoor dit tog elke oefenaand vanuit ons verskuilde hoekie!"

* * *

Die Human-Kotze-kombinasie in die P.U.-P.O.K. span werk uitstekend. As Kotze die gaping vat, sê Human: „I'll walk beside you."

* * *

I want the hunger for love and beauty to be in the depths of my spirit, for I have seen those who are satisfied the most wretched of people.—(Gibran).

# SKYNBARE VERSKIL TUSSEN "HIT PARADE" EN DIE VAN L.M.

**Lida Colijn,** byvoorbeeld, verkies „Beloved, be faithful" bo alle ander liedjies.

**Bets Krüger:** „She's a nice girl, a proper girl, but one of the roving kind."

**Christa du Preez** sê weer „So black is the night" behoort die populêrste te wees.

**Laura Heese** is vasbeslote om vir haar 'n „Paperdoll" te koop.

**Waldjie Snyman** se blou oë is gedurig „Crying in the Rain."

**Annatjie Venter** se dieët is op die huidige oomblik beperk tot „Candy and Cake."

**Lettie Claassen** se motto is „Doin' what comes naturally."

**Juliana van der Ahee** sweer hoog en laag dis nou „Forever and ever."

**Emelia Breed** kan sterf oor die drom-begeleiding van „Daar kom die Alabama."

**Ina du Plessis** vra van die lewe net „'n Small café, Mam'selle."

**Betty Coetzee** se raad is: „Enjoy yourself, it's later than you think."

Jan Booyens het van kursus verander. So tussen sy kyse deur loop hy glo nou Alabama V.

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE vanaf 29/6

EDWORKS
(1936) Beperk.
Kerkstraat, Potchefstroom
DURENDE GEMAK.

ELKE DAG VARS!
TURKSTRA SE BAKKERY
BROOD en alle KOEKSOORTE
Raadpleeg ons vir BRUIDSKOEKE

W. J. SPAVINS EN SEUN
VIR ALLE
Elektriese Benodigdhede
Draadlose, Koelkaste.
Kerkstraat 65,
POTCHEFSTROOM.

PRESIDENT KAFEE
Kerkstraat 70.
* * *
vir die Beste
LIGTE ETES
en
VERVERSINGS.

NATUURLIK-GOLWENDE HARE
gee u natuurlike skoonheid!
MEJ. R. GLAESER
Dames Skoonheidsalon
Kerkstraat 157. Foon 366.

PARKER & CO.
(Pty.) Ltd.
GENERAL HARDWARE MERCHANTS
Phone 30, Potchefstroom. Box 245.
Irrigation Machinery and Plants Supplied and Erected.
Workmanship Guaranteed!
Farm Implements and Spares, Tools for all Tradesmen, Arms and Ammunition, Fishing Tackle, Kitchen Utensils, etc., etc.


TOETS JOU OË
by
M. SINGER
F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)
OOGARTS
by die
MOOIRIVIER APTEEK
KERKSTRAAT 155,
Foon 380 POTCHEFSTROOM.

I. GLASER
Kerkstraat 83.
Die beste vir
OMEGA - HORLOSIES EN VERLOOFRINGE
Diens en Waarde is ons Leuse.
Foon 218. Bus 248.
POTCHEFSTROOM.

GILFILLAN EN STROH
POTCHEFSTROOM.
FIETSE EN FIETSREPARASIES

CORNER FRUIT STORE
Hoek van—Corner of
Kerk- en Retief Sts.
For— Better Fruit and Vegetables
Vir— Beter Vrugte en Groente.
Phone—118—Foon

LEES—
Die Westelike Stem
Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.
SPORTBERIGTE, ALGEMENE NUUS.



Waar u ook mag wees
Kommando
—die gewildste
Suid-Afrikaanse sigaret




61-3056 AP

Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 156, Potchefstroom.

# THEOS WEN INTER-VARSITY.

## P.U. Spanne Hardloop oor U.O.V.S.

**Ons eerstespan het Saterdag 12 Mei daarin geslaag om die Universiteit van die Oranje Vrystaat vir die derde agtereenvolgende jaar met 6 punte (twee dries) teen 3 ('n strafskop) te verslaan.**

Weens die reen wat kwaai uitgesak het aan die begin van die wedstryd, was die spel nie te aanskoulik nie, maar daar was opwindende oomblikke en die oorwinning was oortuigend.

**Agterlynbewegings.**

**Die P.U. agterlyn het baie van die bal te sien gekry uit sowel die skrums as lynstane. Platbos en Schwellnuss het hulle snellers mooi weggestuur en lg. het vinnig beweeg. Weens dodelike verdediging van die kant van U.O.V.S. kon hulle egter nie veel uitrig nie. Piet Viljoen het darem 'n slag pragtig gebreek, maar met Fires en Brink langs hom, het hy net 'n oomblik te laat uitgegee en 'n seker drie het verlore gegaan.** 'n Skepskop van Visser—hy het die bal gevang asof dit droog was—en 'n paar strafskoppe kon ongtlukkig nie die pale haal nie.

**Beserings.**

Hoppie is sodanig beseer dat hy vir 3 weke buite aksie is. Twee Oukies het ook beserings opgedoen: Nel die senter en Celliers die heelagter.

**Die Punte.**

U.O.V.S. het eerste bloed geproe toe Celliers met 'n 30 tree strafskop geslaag het, omtrent 20 minute na die aanvang van die spel.

**Kort voor rustyd, toe daar 'n skrum naby die U.O.V.S. se doelyn was, het Styger weer soos gewoonlik gehak en Patbos het blitsig oorgeglip vir 'n onvervyfde drietjie (3—3).**

**Toe die einde van die spel al in sig was, het 'n agterlynbeweging weer aan die Pukke se kant ontstaan en 'n „African Mirror" drie is deur Steyn in die hoek gedruk.** Alwyn het die vervyfskop net gemis. Eindtelling 6—3.

### Navy.

Die P.U. se tweede span het vir die oortuigendste oorwinning van die middag gesorg toe hulle U.O.V.S. met 17 punte (1 doel 2 drieë en 2 strafskoppe) teen 9 (3 strafskoppe) kafgeloop het. Hulle het in al die afdelings van die spel die botoon gevoer.

**Die O.19** het met 'n drie in die laaste minuut van die wedstryd, 'n oorwinning van 3—0 oor U.O.V.S. behaal. So ook het die P.U. 3e span in die laaste minuut van hulle wedstryd 'n drie teen hulle gekry wat hulle 11—8 laat verloor het.

### Tennis.

Weens die gedurige reëns van die vorige week was tenniswedstryde heeltemal buite die kwessie, en kon 'n interessante botsing nie plaasvind nie.

### Hokkie.

Die P.U. se manshokkie was vanjaar weereens ongelukkig om naelskraap met 3—2 te verloor. Die veld was baie glad en daar is derhalwe nie sulke goeie spel gelewer as wat op 'n droë baan die geval sou gewees het nie. Die P.U. span se doele is albei aangeteken deur Hennie de Wet.

Die 2e manshokkie van die Pukke het net so naelskraap verloor. Sommer vroeg het die Haarhoff hulle laat voorloop, maar hulle moes uiteindelik die stryd met 2—1 gewonne gee.

### Jukskei.

Ook hier was die reën weer 'n groot struikelblok. Die skeie was glad en die spelers kon hulle nie te goed vasvat nie. Daar is gevolglik nie sulke puik jukskeie gesien nie. Die eerste mansspan het die afwesigheid van hulle kaptein Hennie Schutte ook terdeë gevoel. Hulle kon ook nie die paal haal nie en het 2—0 verloor. Die tweede mansspan het egter gedeeltelik hiervoor vergoed deur 2—1 te wen.

### Korfbal.

Die intervarsity korfbal was baie interessant hoewel nie die korfbal wat ons aan gewoond is nie. Weens die weer is baie gewik en geweeg of wel gespeel sou word. Die entoesiasme was nie gedemp nie en die spanne het hulle gewaag op die seepgladde bane. Daar is baie gelag, gegly en geval en die 1ste span het die reusagtige oorwinning behaal van 75—5.

Die tweede span het gewen met 38—8.

### Hokkie.

In die eendeweer van die intervarsity moes die B-veld homself voordoen as hokkiebaan. Tenspyte van die gras het die spelers met moeite op die voete gebly. U.V. se hokkie is goed en vir die eerste span het die stryd gelykop geëindig, terwyl die 2des die onderspit gedelf het.


**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30, Potchefstroom**

(teenoor Geref. Kerk).

**FIETSE** (alle soorte).
**MOTORFIETSE** (Zündapp, Matchless).
**NAAIMASJIENE** (Gritzner).
**TIKMASJIENE** (Olivetti).

**J. HEIDEMA.**



**DIE BULTHAAR-KAPPER**

**Langs Bult Garage.**
'n Nuwe Haarkapperswinkel binne u bereik, Studente!
**Besoek ons—u voorkoms sal daarby baat.**
U ondersteuning sal hoog op prys gestel word.
**G. SCHOONHOVEN,**
(Med. Gedpl.)


# Hys die Vaandel.

## III. Intermezzo.

**ANHISTORIKUS.**

„Versigtig kêrels, ons moet die boot nog weer kan gebruik. Pas-op Pot, jy gaan seerkry. O gaats, daar slaat hy om. Nou maar van voorafaan weer optel."

„Kan jy nie jou bek toehou nie! Netnou hoor die Skortane die geraas en dan is dit „tickets" met ons." Dit is van Kontrei wat die babbelrige Troebadoer so skerp op sy plek sit, want hulle moet versigtig werk. Hulle is met belangrike spioenasiewerk besig. Twee weke gelede al is hulle deur die Kaptein agter die baai van Monomotapa omgestuur met 'n vinnige seiljag om toestande te verken. Die Gathlandia sal dan net buite sig anker gooi en op die nodige rooktekens wag.

Die vyf verkenners is Troebadoer, van Kontrei, Pottie Loodgieter, Woutjie Norspa en sy ewige broer, Vleisie, bygestaan deur vyf matrosies.

Hulle is nou in die vroeë nagtelikek ure besig om boot te versteek in 'n klein baaitjie. Uiteindelik is hulle klaar.

„Kom kêrels," sê Vleisie en vat 'n uitgeplaveide voetpad wat teen die steil berg uitlei. Dit skyn of hy die pad goed ken want hy struikel net elke ses of agt treë. Agter hom slaat ou Woutjie somaar kort-kort neer, en van Kontrei het die wêreld se moeite om die matrosies stil te hou. Vir hulle is dit 'n splinternuwe ondervinding en hulle kan sterf van opgewondenheid.

Vleisie loop en wonder. Hy het al baie van hierdie Skortane gehoor. Hulle is glo mense wat lang hare dra soos die Javaanse barbare en vreemdsoortige klere—amper soos die skotte. Vandaar hulle naam: Skortane.

Volgens oorlewering is hulle uiters gevaarlik. Bly in twee grotte: die Kuloo- en die Jähbo grot, en hulle laat geen besoeker verder toe as die bek van elke grot nie. Gevolglik is daar al baie gegis oor wat daarbinne aangaan. Dit is 'n uiters geheimsinnige besigheid. Volgens die Kaptein word die skat daar êrens versteek en dit is nou hulle taak om vas te stel of dit so is. Op een of ander manier moet hulle dus binne kom.

Skielik steek hy vas en Woutjie loop soos 'n luie os in hom vas. Daar was ligflitse aan hulle regterkant. Sou dit wagte wees wat hulle gewaar het?

Dan sien hulle 'n eienaardige besigheid. Twee Moorse slawe kom teen die helling van die ander kant af uitgesukkel met 'n lang paal oor hulle skouers. Aan die paal hang sulke lang onherkerbare gedoentes. Die ligflitse het van 'n ou fakkeltjie gekom wat met moeite brand, waarmee die draers hulle pad verlig.

Ons spioene kruip nou vinnig voorwaarts tot hulle hul min of meer langs die pad van die twee draers versteek. Dit is die maklikste ding van die wêreld om die twee aan-die-slaap draers te oorval.

Maar dan begin hulle merk wat aan die paal hang. In die flou fakkelliggie onderskei hulle lang en kort skorte wat soos flou spoke aan die paal swaai. Niks minder as die kledy van die Skortane nie! Seker erens langs die strand gewas, maar wat seker is, is dat dit tot binne die Kuloo grot gedra word.

Die matrosies word teveel om te spaander en die berge self verder te bespied, en net toe die draers verbykom, glip die vyf spioene soos skaduwees tussen die hangende liggaamsdeksels in. Die arme draers gewaar niks.

Hierdie nuwe gecamoufleerde pedestraalaangedrewe voertuig voer hulle veilig by al die wagte verby, deur 'n donker poort tot in 'n lang verligte gang.

Maar hoe nou gemaak? Hier kan hulle maklik betrap word! Soos seep glip hulle egter een na die ander, soos hulle kompartemente verbykom, by die eerste oop deur in. Nou kan hulle weer vrylik asemhaal. Die vertrek is duidelik 'n slaapvertrek want daar staan twee beddens en 'n kas in. Terwyl Pottie homself in die spieël bewonder wil Vleisie net laaie ooptrek. Van Kontrei keer vir al wat hy werd is, en almal verstyf toe hulle 'n luide klokslag hoor. Wit van die skrik staan Troebadoer van die grond af op waar hy onder 'n bed probeer induik het. Hy weet nou nog nie waarteen hy sy kop gestamp het nie en of sy kop dan so 'n hol klank het nie.

Nou besef hulle weer hulle taak en algou merk hulle dat die gange van die grot baie stil is. Een na die ander deur word geopen en merk tot hulle verbasing dat daar niemand is nie. Dit lyk baie geheimsinnig, maar bied die voordeel dat hulle na hartelus al die gange kan ondersoek en 'n behoorlike kaart maak.

Van Kontrei is die enigste versigtige. Die ander dring al hoe verder die grot in, en hy volg maar traag. Uiteindelik land hulle in 'n redelik groot vertrek aan die end van 'n koue gang, met deurskynende deure na die Noorde-toe. Daar deur sien hulle nou die rede vir die stilte in die grot. Al die Skortane is daar in 'n saal vergader.

Van verbasing gaap die spioene. Sowat het hulle nog nooit gesien nie. Sulke mooi mense met sulke sluwe gesigte! Voor hulle staan 'n lang skraal man wat hulle toespreek; hulle Generaal.

„Dit ie genl. Steven O'Roy", fluister Woutjie. Hy ken hulle blykbaar goed want hy wys hulle nou een na die ander uit. „Kyk, daar sit Rita O'Rassie;; daar Frans D'Wet; daar Marhen McGee; Toppies O'Stra; Tertius Stoerwick; Whitey O'Venter; Ananias McTorius, en daai donker een is Chris D'Praez." Hy is nog besig om te praat toe 'n klokkie skel begin lui in 'n donker hoekie.

Ewe onskuldig ruk 'n Skortaantjie die deur oop en storm in die rigting van die klok, maar hy gee net een hartverskeurende gil toe hy die spioene gewaar.

Baie gou is al die Skortane op hulle en word almal gevang en met doringdraad vasgebind. Almal behalwe Piet van Kontrei wat soos 'n wilde haas ooplê na die donkerpoort in die agterbuurt waar hulle ingekom het.

Entoe?

Lees die „Wapad" a.s. week!


**KOM SIEN ONS——**

vir u

**Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede**

**GEEN & VELLEMAN,**

**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**


# *Korps V.V. Stig Studiekomitee.*

## *Wil Wetenskaplik bydra tot „Veritas Vincet"*

**'n Gedagte wat verlede jaar al geopper is, het deur besluit van die jongste bestuursvergadering van Korps V.V., werklikheid geword, toe 'n studie-komitee deur die bestuur aangestel is.** Deur middel van hierdie komitee beoog die Korps om probleme wat daar by die praktiese uitlewing van Calvinisme ontstaan, wetenskaplik te benader en sodoende die stryd terwille van die waarheid verder te voer.

Hierdie studiekomitee sal, onder voorsitterskap van mnr. P. Louw, van tyd tot tyd sy resultate publiseer, en op programvergaderings as lesings voordra. Die oogmerk, aldus mnr. Louw, is nie om 'n groot aantal referate oor baie aangeleenthede te lewer nie, maar om 'n grondige studie te maak van elke aangepakte onderwerp, al is dit maar een of twee per jaar, ingesluit die wat in Julie voor die F.C.S.V.-kongres voorgedra sal word. Deur so 'n studie wil die Korps verder gedagtewisseling oor Calvinistiese vraagstukke prikkel.

**PIONIERSWERK.**

Mnr. Louw het ten slotte opgemerk:

Dit moet goed verstaan word dat hierdie eerste studiekomitee van Korps onder die diep besef verkeer dat hy met pionierswerk besig is, en dat hy spore trap vir die toekoms. Al is ons ideaal hoog, is ons oortuig van ons leuse „Veritas Vincet"!


**STUDENTE ! ! !**

VIR AL U

**Handboeke, Skryfbenodigdhede, Leertasse, Geskenke, ens.**

besoek ons en wees verseker van goeie diens.

**UNIE-BOEKHANDEL (Edms.) Bpk**

**Kerkstraat 90.**

**Foon 497.**



**PUKKE is altyd hartlik welkom by**

UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
Ons voorsien reeds die VOETBALTRUIE en KOUSE.
Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die **KLEURBAADJIES.**

**UNIEWINKELS, BPK.**
**Johannesburg.**

**Kerkstraat 45.** **Foon 22-4746.**